

BOEKBESPREKINGS

FLOOR, L. 1983. *Kinderdoop, grootdoop, herdoop*. Potchefstroom, IRS (PU vir CHO). 34 p.

Volgens Floor se eie getuigenis is die kinderdoop tans meer as ooit tevore die skyf van felle aanvalle (p.1). In so 'n situasie wil die gelowige graag 'n publikasie hê wat die resultaat is van deeglike Skrifstudie sodat hy presies kan weet waar hy staan en homself ook op oortuigende wyse kan verdedig. Die publikasie van Floor, waarin hy die kinderdoop verdedig, vervul hierdie behoefte. Wat die skrywer hier aanbied, is 'n verkorte weergawe van 'n boek deur hom wat binnekort sal verskyn onder die titel: *Die Christelike doop in die Nuwe Testament*.

Die boek is in ses hoofstukke ingedeel waarin oor die volgende gehandel word: Kritiek op die kinderdoop; die agtergronde van die Christelike doop; die belofte van God en die doop; besnydenis en doop; verbond en doop; die kinderdoop.

Enkele sake wat vir die verdediging van die kinderdoop van groot belang is en deur Floor na vore gebring word, is die volgende:

1. Op goeie gronde kan aanvaar word dat ook kinders gedoop is waar daar sprake is van die doop van 'n persoon *en sy/haar huis*. Dit word duidelik in die lig van die destyds gebruiklike *proselietedoop* by die oorgang van gesinne uit die heidendom na die Jodendom. In sulke gevalle is uitdruklik bepaal dat al die kinders — ook die kleintjies — gedoop moes word. Die skrywers van die Nuwe Testament het dus aangesluit by 'n bestaande gebruik (p. 7, 8).
2. Die bewering dat die kinderdoop plaasvind op grond van God se belofte, maar die doop van volwassenes op grond van 'n persoon se geloof, is in die lig van Hand. 2 : 39 nie waar nie. In albei gevalle word die belofte van God beseël (p. 12, 13).
3. Uit Rom. 4 : 11, 12 is dit duidelik dat dit nie Abraham se geloof is wat deur die besnydenis verseël is nie, maar sy regte verhouding tot God (sy geregtigheid) wat alleen deur die geloof ontvang kan word (p. 18). Dit geld ook van die doop (p. 27).
4. Daar word beweer dat die besnydenis iets totaal anders is as die doop: die besnydenis het betrekking op die *natuurlike afstamming* uit Israel, terwyl die doop betrekking het op die *genade* in en deur die verlossingswerk van Christus. Dit is nie waar nie. Reeds uit die Ou Testament is dit duidelik dat die kinderbesnydenis geroep het om 'n besnydenis van die hart (Eseg. 44 : 7), d.w.s. om *geloof* as die kind opgroei (p. 19, 20). Bowendien is ook die besnydenis volgens Rom. 4 : 11 'n heenwysing na die heilsgebeure in Christus (p.22).
5. Die eenheid van geloof en doop is volgens Mark. 16 : 15, 16 nie geleë in die onderlinge afhanklikheid van geloof en doop nie, maar in hulle gesamentlike betrokkenheid op die verkondiging van die evangelie (p. 27). Veel meer derglyke argumente kan in hierdie waardevolle boek van Floor gekry word.

As punt van kritiek kan genoem word dat die titel van die boek ook *herdoop* insluit, terwyl daar in die boek eksplisiteit weinig aandag daaraan gegee word.

Ek kan die lees en bestudering van hierdie boekie van harte aanbeveel. Dit is besonder insiggewend en stel 'n mens des te meer in staat om die kinderdoop met volle oortuiging op grond van die Skrif te verdedig.

P. J. de Bruyn

Lochman, Jan Milic 1976 *Ontmoeting met Marx: Wat Christene en Marxiste verenigt en scheidt*. Baarn: Uitg Bosch & Keuning (vert). Bl 122, prys (was) R3,80.

Bockmuehl Klaus. 1980. *The Challenge of Marxism: A Christian Response* Leicester (England): Inter-Varsity Press (vert). Bl 187; prys R4,65.

Verkuyl, J. 1982. *De Kernbegrippen van het Marxisme-Leninisme: Met een proeve tot evangelisch commentaar*. Kampen: Uitg J. H. Kok. Bl. 311; prys R20,25.

Dit is verbasend dat ons in Suider-Afrika eintlik relatief min teologies-wetenskaplike aandag bestee aan die betekenis en invloed van die Marxisme. Daarom vestig ek graag die aandag op bogenoemde drie boeke.

Lochman, tans dogmatikus te Basel, is gebore in Tseggo-Slowakye en was ook privaatsdosent in Praag. Hy ken die Marxisme dus van binne-uit en sy boek lê daarvan getuigenis af. Hy handel oor die dialoog tussen Christene en Marxiste en die wedersydse vrae wat hier ter sprake kom; verder oor die mensbeeld van die jong Marx (vervreemding); oor die godsdienskritiek van Marx; oor Bybelse erfgoed en ten slotte oor die dialoog en toekoms.

Die waarde van die boek is geleë in die feit dat hy die Marxisme nie op 'n afstand meegemaak het nie maar van naderby ken. As sodanig bevat die boek ook talle raak tiperinge en indringende kritiek. Die leemte in die boek is dat hy hoofsaaklik op twee aspekte van die Marxisme konsentreer nl. vervreemding en godsdienskritiek. Verder behandel hy ook nie Leninisme en ander uitlopers van die Marxisme nie. Nietemin 'n handige boek waaruit veel geleer kan word.

Bockmuehl sny ietwat meer temas aan. Hy skryf oor die opkoms van die Marxisme, oor wat dit is en watter uitdaging dit bied; daarna handel hy oor die Marxistiese religiekritiek (Feuerbach) en oor die wettigheid en grense van die kritiek; interessant is sy weergawe van die Marxistiese en Leninistiese etiek en die uitdaging daarvan vir die Christelike etiek; hy sluit af met 'n deel oor die skepping van die nuwe mens by die Marxisme en Christendom, waarin die belangrikheid van persoonlike geloof in Christus aksent ontvang.

Bockmuehl het besondere waardering vir die teologie van Schlatter. Sy kritiek op die Marxisme is deurgaans die aandag werd asook vanuit evangeliese hoek. Soms ervaar mens egter 'n gebrek aan historiese konteks. Samevattend: 'n boek wat met vrug gelees kan word.

Van veel groter omvang en miskien ook met meer pretensie is die boek van Verkuyl, wat 'n totale omwerking is van sy vorige geskrif oor hierdie tema. Verkuyl bring sowat alles ter sprake. Hy handel oor die persoon en werk van Marx, Engels, Lenin en ander Marxiste; hy skryf oor die periodes van die eerste drie Internasionale; oor die polisentrisme en eskpansionisme van die Marxisme; oor die Neo-Marxisme en aksentverskuiwing wat ingetree het; oor die atesisme in die Marxisme, oor die dialektiese en historiese ma-

terialisme en ekonomiese determinisme; oor die meerwaarde-teorie; oor die konsep van vervreemding; oor die leer en strategieë van die klassestryd; oor die mensbeskouing; oor die godsdienskritiek; oor moraal en etiek; oor die hernude aandag vir Jesus; oor ontweke vrae rondom sonde, skuld, dood en sin van die lewe; oor die staatsfilosofie, diktatuur van die proletariaat en funksie van die party, oor Lenin se teorie van imperialisme; oor die toekomsverwagting, om af te sluit met 'n slotbeskouing.

Soos verwag kon word lewer Verkuyl ook in hierdie boek telkens skerp kritiek teen Suid-Afrika. Hy het groot waardering vir die standpunt van sosiale demokrasie met sy anti-gewelddadige metodiek. Hy het ook besondere waardering vir die werk van die Wêreldraad van Kerke. Verkuyl bepleit 'n voortgaande dialoog tussen Christene en Marxiste maar dan sonder dat die wesentlike punte verbloem of geïgnoreer word.

Die skrywer se soms alarmistiese en hier en daar generaliserende styl is hinderlik en dit maak van hom 'n ietwat moeilike gespreksgenoot. Hy maak ook veels te veel van die woordjie "enzovoorts" gebruik, wat soms die indruk skep van "weet nie meer verder nie". Ook die uitdrukking "binnen het beste van dit boek" word tot vervelens toe herhaal.

Die waarde van die boek is geleë in die uitvoerige primêre en interpreterende bronnestudie wat ter sprake kom. Verkuyl lewer ook veel immanente en transendente kritiek wat dikwels raak tref. Ek het waardering vir sy skerp en Skriftuurlike kritiek op die Marxisme, waarmee nie ontken is dat Verkuyl ook waardering uitspreek vir die waarheidselemente in die Marxisme nie. Dit is 'n boek wat met vrug bestudeer kan word, veral deur daardie Christene wat simpatiek staan teenoor die Marxistiese verlossingsleer. Ongelukkig is die boek uiters swak gebind.

JHvW

J. S. Krüger: *Studying Religion; A Methodological Introduction to science of Religion* deur J. S. Krüger. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1982. 82 bladsye, R9,35.

Aan 'n publikasie soos hierdie is daar groot behoefte — veral in Suid-Afrika — en wel om twee redes. In die eerste plek omdat ons geensins in 'n post-religieuse tyd lewe nie maar eerder in 'n tyd wat swanger is — en ook geboorte gee aan talle nuwe "religieë" en die herlewing van talle eeuoues godsdienste. In die tweede plek, aangesien die godsdienswetenskap tans besig is om 'n merkwaardiger eerherstel te belewe nadat dit lank met 'n aspoestertjierol tevrede moes wees.

Die skrywer wil met die boek hoofsaaklik tweërlei bereik: 'n oorsig (inleiding) in die Godsdienswetenskap gee en (samehangend daarmee) 'n metode vir hierdie wetenskap aan die hand doen.

Myns insiens het hy in sy eerste oogmerk goed geslaag. Die werkie gee blyke van belesenheid (die bibliografie op p.78-82 is nuttig) en dit is duidelik dat die skrywer die stof goed beheer. Vir die oningewyde is gedeeltes soos byvoorbeeld hoofstuk 3, wat 'n oorsig oor die verskillende wetenskapsteoretiese skole (logiese, empirisme, kritiese, rasionalisme, neo-marxisme, die fenomenologiese rigting en die hermeneutiese skool) en hulle moontlike betekenis vir die godsdienswetenskap bied, waardevol. Ook talle ander funda-

mentele probleme in die Godsdienwetenskap word óf net genoem óf kortliks aangeroer. Dat dit alles binne die bestek van slegs 82 bladsye gedoen kon word, is 'n bewys van die selfdissipline wat die outeur aan die dag gelê het.

Die tweede oogmerk wat die skrywer hom gestel het, is baie belangrik naamlik 'n geskikte metode vir die Godsdienwetenskap. In feitlik alle geesteswetenskappe word daar vandag opnuut oor metode besin. Ook in Suid-Afrika word daar tans bv. deur die RGN, aan die RAU en die PU vir CHO — om maar enkeles te noem waarvan ek bewus is — navorsing op die gebied gedoen.

Myns insiens is hierdie faset van prof. Krüger se boek nie so geslaagd nie. Hy aanvaar die fenomenologiese en logies-empiristiese metodes vir sy godsdienwetenskap. Ek is egter van mening dat hy baie meer krities teenoor albei metodes kon gestaan het. Dit is moontlik indien 'n mens die filosofieë waaruit hierdie metodes spruit krities bekyk.

Verder sou 'n grondige besinning oor wat metode is ook verhelderend kon wees. Dan sou dit byvoorbeeld blyk dat elke veld van die ondersoek 'n eie metode noodsaaklik en nie enige metode net so in die Godsdienwetenskap toegepas mag word nie.

Dit is te waardere dat die skrywer — soos meeste wetenskappers vandag — van die gedagte van 'n neutrale, waardvrye wetenskapsbeoefening (*in casu* Godsdienwetenskap) afgesien het. My groot vraag is egter of hy nie, hoewel hy dit probeer vermy, in die ander uiterste, naamlik relativisme verval nie. Die enigste oplossing in die dilemma is myns insiens om — veral in 'n vak soos Godsdienwetenskap — duidelik standpunt in te neem. (Ek glo nie 'n sintese tussen fenomenologie en logiese empirisme lewer 'n groot bydrae tot 'n helder posisiekeuse nie).

Moontlik is dit in die lig van die voorafgaande kritiek dat ek met die laaste hoofstuk (The concept of religion), wat ek nogal uitgesien het om te lees, teleurgesteld was: die dimensies van religie en die poging tot 'n tipologie lewer nie veel (nuuts) op nie.

Die oorsig van probleme is dus geslaagd maar nie die metode wat ons tot die oplossing van die probleme moet lei nie! Hiervoor is baie meer oorspronklike dinkwerk nodig.

Uit hierdie enkele vraagttekens sal dit egter duidelik blyk dat die lees van hierdie geskrif die moeite werd is, aangesien dit tot nadenke prikkel — sekerlik ook 'n oogmerk van die skrywer!

B. J. van der Walt

Fika van Rensburg: *Die ontleding van sintaktiese struktuur in die Griekse Nuwe Testament*. (Die ontwerp van 'n metode, geïllustreer met Romeine 8, 'n Hermeneutiese studie). 1982. Verkrygbaar by NG Kerkboekhandel. 237 bls., R15.

Die skrywer vermeld dat hierdie boek in Nov. 1980 ingedien is as proefskrif vir die graad Th. D.

Die titel en subtitel spel die doel van die skrywer duidelik uit. Op p. 8 omskryf hy dit soos volg:

1. op grond van die insigte van die Linguistiek 'n metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur te ontwerp, veral ten opsigte van die onder-

skeid en verhouding tussen morfologiese, sintaktiese en semantiese fasette van taal;

2. die ontwerpte metode toe te pas deur die sintaktiese struktuur van Romeine 8 te ontleed;
3. die waarde van die ontwerpte metode vir die onderrig van Grieks aan voornemende predikante te bepaal;
4. die waarde van die ontwerpte metode vir die eksegese van die Griekse Nuwe Testament te bepaal."

Sv metode behoort dus te kan dien vir die ontleding van die sintaksis van alle Hellenisties-Griekse tekste.

Die inhoud:

In die eerste hfst. word onder die opskrif *Verantwoording* o.a. die probleem, definiëring en doel, aktualiteit, uitgangspunte en terminologiese oriëntering gestel. Hoofstuk 2 handel oor sintaktiese fundering. Hier sê hy wat die sintaktiese faset van taal is. Verder stel hy die onderskeid en die verband tussen die sintaktiese, morfologiese en semantiese fasette van taal. In hfst. 3 gee hy dan sy metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur. Hoofstuk 4 pas die metode toe op Romeine 8. In hfst 5 is 'n evaluering van die metode met verwysing na die toepassing op Romeine 8. In hfst 6 gee hy 'n samevatting en gevolgtrekking.

Van Rensburg se werk moet o.a. gesien word as 'n poging om die waarde van die Suid-Afrikaanse Diskoersanalise te verhoog. Hy meen dat met reg gevra kan word of struktuurontleding soos die SA Diskoersanalise nie direk van die morfologiese na die semantiese faset van die taal oorgaan nie.

Beoordeling van die hoofinhoud

(In die bespreking van hierdie afdeling maak ek ook gebruik van die kritiek van S. J. Riekert, L. Floor, H. C. du Toit en J. C. Thom, lede van die NT Werkgemeenskap van SA, in sover ek met hulle saamstem.)

Positiewe waardering word onder die volgende hoofpunte saamgevat:

1. Van Rensburg se onderskeiding van sintaktiese sinstipes kan die kolonafbakening van J. P. Louw verryk.
2. Sy nuwe metode is 'n presiese ontleding volgens vasgestelde reëls. Dit is 'n groot voordeel.
3. Die metode kan dien tot verryking van die SA Diskoersanalise.
4. Sintaksis kan deur die metode beter gevisualiseer word en dus makliker begryp word.
5. Sy metode kan veral vrugbaar gebruik word vir kort problematiese gedeeltes.
6. Dit is in die praktyk bewys, met Van Rensburg se eie studente, dat sy metode gelei het tot veel beter analise en begrip as waartoe studente vroeër in staat was.

Tekortkominge ten opsigte van die hoofinhoud is o.a. die volgende:

1. Die meer-waarde van sy terminologie teenoor bestaande en internasionaal aanvaarde terme is nie bewys nie. Dit maak dit 'n groot waagstuk om daarmee te opereer aangesien die gebruiker geïsoleer kan word.
2. Van Rensburg sluit ten onregte onder die morfologiese faset van taal die vorm van *woorde* sowel as *sinne* in.

3. Hy gaan nie voldoende in op die verhouding tussen sintaksis en semantiek nie.

Opmerkings oor kleiner eenhede

(Verder word nie meer van die kritiek van genoemde persone gebruik gemaak nie.)

Veral Van Rensburg se definisies en ander beskrywings laat 'n mens baie onbevredig voel. As voorbeeld kan die volgende op p. 76 genoem word: "Die metode moet gebaseer word op 'n teoreties-gefundeerde sintaktiese teorie en konsekwent aan hierdie teorie beantwoord . . ." Wanneer 'n mens hierdie stelling ontleed, moet jy jouself uiteindelik afvra wat 'n *teoretiese teorie* is. Daar is so-iets soos 'n *menslike mens* en 'n *ommenslike mens*, maar wat is 'n *teoretiese teorie* of dan 'n *onteoretiese teorie*?

Op p. 57 kom hy tot die gevolgtrekking dat die woorde *εκ πιστεως* in die sin *ο δε δικαιος εκ πιστεως ζησεται* behoort by *ο δικαιος*. Hy gebruik dit as voorbeeld om te sê dat semantiese oorweging soms die deurslag moet gee vir 'n keuse waar daar sintakties twee moontlikhede is. Dis moeilik om te begryp hoedat hy dan tot die keuse kom van dié moontlikheid wat sintakties die onwaarskynlikste is. Is dit nie subjektiwisme nie? (Vgl. die kommentare van Ridderbos, Leenhardt en Michel teenoor Nygren by die betrokke vers. Kyk ook: J. P. Louw, *A Semantic Discourse Analysis of Romans II* p. 14).

Op p. 161 wys Van Rensburg die semantiese waarde van *απα* aan in Rom. 8:1, maar op p. 120 verantwoord hy dit nie in sy vertaling nie. Hy stel dat dit 'n konkluderende neweskikkende voegwoord is. Waarom dit dan nie vertaal soos in die NAV met *dus* of die OAV met *dan* nie? Sonder vertaling daarvan gee die vers bepaald nie die inhoud goed weer nie.

Ἐκ νεκρων vertaal hy op p. 129 met *tussen die dooies uit*. Hierdie woorde is egter 'n vaste uitdrukking wat met *uit die dood* vertaal moet word. Sy vertaling gee 'n verkeerde semantiese lading.

θεοπνευστος is 'n adjektief wat net een uitgang vir manlik en vroulik het. Op p.15 gebruik Van Rensburg in 'n verwysing na Pieterse die inhoud van 'n stelling van Pieterse. Hy transkribeer Pieterse se Grieks in Griekse letter en herhaal daarmee die werklik steurende fout van Pieterse net so sonder kommentaar. Dit skyn dus asof hy nie opgemerk het dat in dieselfde reël die adjektief verkeerd en reg gebruik word nie.

Die vertaling op p. 100 van die sin *θεος εστιν ο δικαιων* is tog: *Hy wat regverdig maak (of verklaar) is God*. In die poëtiese gedeelte van Romeine 8 kan *God* ook voorop staan. Van Rensburg gebruik hierdie sin as voorbeeld. Hy vertaal dan egter: *God is die regverdige*. Die onverklaarbare vertaling van 'n participium met 'n adjektief is verwarrend en dit juis in wat hy as voorbeeld gebruik.

Met bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat die onderdele nie goed afgerond is nie.

Taalgebruik en taalversorging

Die groot getal drukfoute wat al op p. 4 in die woord vooraf by die publikasie van die proefskrif begin met "besondering" in plaas van "besondere"

verminder die aantreklikheid van die boek. Tussen bladsy 73 en 93 is daar 8 wat met die eerste lees raakgesien is. Veral in sy Engelse aanhalings val dit op. Sy gebruik van *tereg* verswak sy styl. Op p. 82-84 sê Deist alleen al driekeer *tereg* en hy is nie die enigste nie. Die gebruik van *immers* kom steurend baie voor in Van Rensburg se vertalings. In Afrikaans word dit seker nie so gebruik nie. Die Griekse afdruk op p. 88 is onleesbaar klein en moes liever oor twee bladsye versprei gewees het. Op p. 85 kan dit net met die grootste moeite gelees word en in die hele gedeelte vanaf p. 204 is dit ook so klein dat dit net met volgehoue inspanning gelees kan word.

Vrae van 'n ander aard

1. Wat is 'n *amptelike* Bybelvertaling? Die feit dat 'n meerdere vergadering 'n bepaalde vertaling in ontvangs neem, of selfs mense benoem om daaraan mee te werk, maak dit nog nie 'n amptelike vertaling nie. Elke kerkraad kan besluit wa'ter vertaling hy vir eredienste wil gebruik. Omdat vertaling *altyd* ook eksegeese is, verbind meerdere vergaderings hulle nooit aan 'n bepaalde vertaling sodat daar sprake is van 'n "amptelike" vertaling nie. (Vgl. p. 171 en 187).
2. Weerspreek die skrywer hom nie as hy op p. 195 beweer dat sintaktiese ontleding altyd konsekwent aan die hand van 'n bepaalde metode moet geskied nie, terwyl hy tog elders sê dat geen metode dié metode is nie? Waarom kan by die oorwegende gebruik van een metode nie van elemente van 'n ander gebruik gemaak word vir sover hulle nie bots nie?
3. 'n Vraag wat die totaal van sy werk raak, is hoedat dit eerder as 'n teologiese studie gereken kan word as bv. 'n proefskrif in Linguïstiek of in Hellenistiese Grieks. Veral omdat die hoofklem hier duidelik val op die *metode om sintaksis te ontleed* en dit nie gaan om eksegeese met gebruikmaking van 'n bepaalde metode nie, kan dit m.i. nie as teologiese studie gereken word sonder dat wetenskappe verwar word nie.

'n Voorbeeld waar gebruik van die metode onnodig is


Sy metode het voordele vir die aanleer van Grieks in die beginstadium soos die onder aangetoonde voorbeeld wys. Om dit egter konsekwent vir eksegeese van nie problematiese gedeeltes te gebruik, maak die lewe in die taal dood. Dis nie nodig om 'n sintakties onkompliseerde gedeelte soos Rom. 8 : 24 so te gaan kompliseer voordat eksegeese gedoen kan word nie.

In die teks wat Van Rensburg gebruik het, lui Rom. 8 : 24 só:

τη γαρ ελπιδι εσωθημεν. ελπις δε βλεπομενη ουκ εστιν ελπις. ο γαρ βλεπει τις ελπίζει;

Dis m.i. nie nodig om dit nou eers soos volg te behandel nie.

24)



Vers 24:

K2 is Handeling in 'n selfstandige sin ingelei deur die motiverende neweskikkende voegwoord *γαρ*. Vers 24 motiveer waarom ons met reg na die aan-neming tot kinders kan uitsien.

gered in *die hoop* (= dit is immers 'n feit dat ons gered is.)

K1 is Bepaling t.o.v. omstandighede by K2.

gered in *die hoop* (= gered, *terwyl ons nou slegs daarop hoop.*)

K4b is Koppeling in 'n selfstandige sin ingelei deur die konkluderende voegwoord *δε*. Op grond van die voorafgaande word dus tot 'n gevolgtrekking ge-raak.

gevolglik is dit nie.

K3 is Genoemde met K4b as Koppeling.

die hoop is nie

K5 is Byvoeging by K3.

die hoop wat gesien word

K6 is Gekoppelde by K3.

hoop is nie hoop nie

K8b is Handeling in 'n selfstandige sin ingelei deur die motiverende newe-skikkende voegwoord *γαρ* immers, hy hoop.

K7-10 motiveer dus K1-6.

K7+9 is Behandelde by K8.

wat hy sien, hoop hy

K9 is Handeling in die Behandelde sin by K8b.

hy hoop wat hy sien

54 In die Skriflig

K7 is Behandelde by K9.

wat hy sien

K10 is Handelende by K8b.

wie hoop.

(Die reëls wat ek laat inspring het, het Van Rensburg elke keer in 'n parallelle kolom langs wat direk daarbo is, geplaas.)

Vertalings: Immers, terwyl ons nou slegs daarop hoop, is ons werklik gered. Die hoop wat gesien word, is dus nie meer hoop nie. Immers, wie hoop op wat hy reeds sien?

Ten slotte

Van Rensburg was egter kreatief en ondernemend. Hy het buitengewone inisiatief aan die dag gelê met die opstel van die metode. Die hele proefskrif getuig van akademiese entoesiasme. Die grootste waarde skyn vir my te wees dat dit by die aanleer van Hellenistiese Grieks in die eerste en tweede jaar gebruik kan word. Miskien kan dit dien as basis waarop hy later iets wat vir die eksegeet van groter belang is, kan uitwerk.

M. A. Kruger.

Ds. D. N. G. Kotzé: *Ek blaai terug* KJBF, Potchefstroom 1982, Prys onvermeld.

"Ek blaai terug" 'n outobiografie van ds. D. N. G. Kotzé, wil ondergetekende graag aanbeveel. By die deurlees daarvan gaan ons veelbewoë geskiedenis in voëlvlug verby: die stryd van ons mense, hulle beproewinge, lyding, oorwinnings, vreugde, plaë soos runderpes, droogte, die ontberinge tydens die Eerste en Tweede Vryheidsoorloë, die roeringe wat diep geloop het in die Eerste en Tweede Wêreldoorloë!

Ook die kerk met sy groei, sy stryd, sy teenspoede kry die leser onder oë, al is dit soms flitsmatig.

In so 'n outobiografie tree die persoon van die skrywer natuurlik sterk na vore: sy jeug, sy skool- en studiejare, sy bediening van verskillende gemeentes selfs in die toenmalige Rhodesië. Die s'rek oor 'n baie lang periode, as mens daaraan dink dat hy sy proponentseksamen al in 1914 afgelê het en nog tot onlangs in die bediening, al was dit in tydelike hoedanigheid, gestaan het.

Ds. Kotzé is heel beskeie met mededeling oor sy persoonlike vreugdes en smart maar dit wat hy tog aanraak, raak die leser diep o.a. die dood van sy jong seun op Rustenburg.

Met humor vertel ds. Kotzé dat hy as student op Potchefstroom voor die hof moes verskyn en op twee aanklagte beboet is: een sjieling omdat daar nie 'n lig aan sy fiets was nie en 'n sjieling omdat hy sou weggery het! Op laaste aanklag was hy selfs skynbaar onskuldig! Hy vertel ook van 'n ou broeder wat soveel troos gevind het in Ps. 42 : 3: "Want Gods goedheid zal uw druk eens verwiss'len in geluk" deur net te lees tot by "druk" want, dis Gods goedheid wat hom so druk!

Ds. Kotzé was ook sendingman soos elke gelowige behoort te wees. H)

het 'n swart lid van 'n groep wat van die Lutherse kerk afgesplinter het opgelei. Waar? Onder die moerbeiboom agter die pastorie te Ventersdorp. Waarom nie in die konsistorie of kerk nie? Gee maar vir uself die antwoord!

Ons is dankbaar om hierdie herinneringe van 'n toegewyde, gesdriftige kneg van die Here te besit. As mens lees hoe moeilik en hoe ver hy in koue, hitte en onweer moes reis met kar en perde en hoe onbetroubaar hierdie vervoermiddel in perdesiekte-tyd was, moet sy ontberings ons jonger geslag wat oor soveel beter geriewe beskik voorwaar in die bediening besiel!

J. A. Schutte.

W. ten Haaf: *Sewentig maal Sewe — Bybelstudie in Dagstukke*, Boufonds, Posbus 287, Paarl. R6,50 posvry.

Soos uit die titel blyk word hier sewentig dagstukkies aangebied wat elk een min of meer sewe minute neem om te lees. Die hele boek Rut kom onder die loep, asook dele uit die Psalms, Matteus, Lukas en Hebreërs. By elke dagstuk (behalwe Rut 3: 11—18) word ook 'n ander Skrifgedeelte wat in 'n sekere verband tot die dagteks staan, vir lees aanbeveel. 'n Enkele keer word die Heidelbergse Kategismus (Vr. en Ant. 21) ook aanbeveel as bykomende leesstof.

'n Paar minder geslaagde en soms hinderlike beelde word in dié dagstukkies opgemerk: "Veertig dae en nagte lank moes Jesus die harde 'nee!' van God beleef terwyl die walglike asem van Satan voortdurend om Hom heen gehyg het" (p. 71); "Jesus is soos die tydrennavigator wat sy padkaart baie goed bestudeer het" (p. 82); "Teenoor Jesus moet hy al sy vuil kaart op die tafel lê" (p. 84) en "'n Uitgeteerde geraamte met 'n opgeblaasde boepens en dikgeswelde arms en bene!" (p. 87). Taalkundig is hierdie publikasie goed versorg, maar onnodige gebruik van die hoofletter by die besitlike voornaamwoord, is tog hinderlik (bv. op p. 85: "By U doop" „gebruik U regte").

Oor die algemeen 'n baie geslaagde publikasie wat van indringende eksegese getuig. Word van harte aanbeveel vir persoonlike Skrifstudie en groepsbesprekings. 'n Ideale geskenk by belydenisaflegging en verjaardae.

I. L. B.